Handleiding vir die aansoek en toekenning van toegewyde status in die Suid-Afrikaanse Jagters- en Wildbewaringsvereniging

Opgestel deur
TP Venter
Sekretaris SAJWV (2004-2005)
Januarie 2005
Hersien Maart 06

1. WAT IS TOEGEWYDE STATUS? 3

2. SAJWV SE BELEID TEN OPSIGTE VAN TOEGEWYDE STATUS 6

2.1 PROSES VIR 'N LID WAT REEDS BONA FIDE STATUS GEHAD HET. 7

2.1.1 Die aansoek 7

2.1.2 Die dokumentasie 8

2.1.3 Die uitreiking 8

2.2 PROSES VIR 'N LID WAT NOOIT BONA FIDE STATUS GEHAD HET NIE. 8

2.2.1 Die aansoek 8

2.2.2 Die dokumentasie 9

2.2.3 Die onderhoud 9

2.2.4 Die uitreiking 9

3. HOE DOEN EK AANSOEK? 9

4. WAT KOS DIE TOEKENNING VAN TOEGEWYDE STATUS? 9

5. WATTER KWALIFIKASIES GELD VIR TOEGEWYDE STATUS? 10

6. TAKREGISTER VAN TOEGEWYDE LEDE 11

7. WAT AS EK NIE 'N AKTIEWE TAKLID IS NIE AGV OMSTANDIGHEDE BUITE MY BEHEER? 12

8. WAT IS DIE PROSES AS DAAR TWYFEL OOR MY STATUS IS? 12

9. KAN MY TOEGEWYDE STATUS BEËINDIG WORD? 12

10. KAN EK TEEN DIE BEËINDIGING VAN MY TOEGEWYDE STATUS APPELLEER (APPÈLRAAD)? 13

11. KAN 'N PROFESSIONELE JAGTER 'N TOEGEWYDE JAGTER WEES? 14

12. KAN EK MEER AS EEN TOEGEWYDE STATUS BEKOM? 15

13. DIE AANSOEKVORM 16

1. Wat is Toegewyde Status?

Met die inwerkingtreding van Wet 60 van 2000 (Wet op Vuurwapenbeheer) het die uitreiking van die bekende "bona fide" jagterstatus wat deur die Polisiediens uitgereik is gestaak. Persone wat oor die status beskik, behou die status totdat hulle moet herlisensieer.

Die Wet op Vuurwapenbeheer het 'n totale nuwe omgewing geskep vir die jagter en jagverenigings en van die belangrikste kenmerke van die nuwe wet is:

- Beide die wapen en die wapeneienaar moet voortaan gelisensieer word;
- Jagverenigings kan nou by die Sentrale Vuurwapenregister geakkrediteer word.
- Die wet onderskei tussen "geleentheidsjagters" en "toegewyde jagters";
- Daar is 'n algemene beperking op die aantal en tipe wapens wat deur die jagter besit mag word;
- Daar is nuwe kategorieë geskep waarin jagters hulle wapens kan lisensieer;
- Toegewyde jagters mag meer jagwapens lisensieer as die algemene beperking van vier wapens.

In terme van die Wet op Vuurwapenbeheer en die gepaardgaande Regulasies word 'n **"geleentheidsjagter"** omskryf as enige persoon wat, van tyd tot tyd, deelneem aan jagbedrywighede maar wat nie 'n lid is van 'n geakkrediteerde jagvereniging nie; terwyl 'n **"toegewyde jagter"** 'n persoon is wat aktief deelneem aan jagbedrywighede en wat 'n lid is van 'n geakkrediteerde jagvereniging. Jagtersverenigings het egter onderling die twee definisies met die Polisie bespreek en daar is algemene konsensus dat geakkrediteerde jagtersverenigings beide geleentheidsjagters en toegewyde jagters as lede sal kan hê.

Dit is belangrik om daarvan kennis te neem dat die toekenning van toegewyde status deur 'n jagtersvereniging 'n huishoudelike saak is, maar binne die riglyne wat die Wet en Regulasies daarvoor stel. Die volgende

gedeelte is die beskrywing van die wyse waarop toegewyde status deur die Wet voorsien word in klousule 16:

16 Lisensie om vuurwapen te besit vir toegewyde jag en toegewyde sportskiet

(1) 'n Vuurwapen ten opsigte waarvan 'n lisensie uitgereik kan word ingevolge hierdie artikel is 'n-

(a) handwapen wat nie vol-outomaties is nie;

(b) geweer of haelgeweer wat nie vol-outomaties is nie;

(c) half-outomatiese haelgeweer vervaardig om nie meer as vyf skote in snelvuur af te vuur sonder om herlaai te word nie; of

(d) loop, raam of romp van 'n handwapen, geweer of haelgeweer beoog in paragraaf (a), (b) of (c).

(2) Die Registrateur kan 'n lisensie ingevolge hierdie artikel uitreik aan enige natuurlike persoon wat 'n toegewyde jagter of toegewyde sportpersoon is indien die aansoek vergesel gaan van 'n beëdigde verklaring of plegtige verklaring van die voorsitter van 'n geakkrediteerde jagvereniging of sportskietorganisasie, of iemand skriftelik deur hom of haar gedelegeer, wat verklaar dat die applikant 'n geregistreerde lid van daardie vereniging is.

(3) 'n Vuurwapen ten opsigte waarvan 'n lisensie uitgereik is ingevolge hierdie artikel kan gebruik word waar dit veilig is om die vuurwapen te gebruik en vir ’n wettige doel.

(4) Elke geakkrediteerde jagvereniging en sportskietorganisasie moet-

(a) 'n register hou wat die inligting bevat wat voorgeskryf word in regulasie 4(2)(a); en

(b) 'n jaarverslag voorlê aan die Registrateur wat die inligting bevat wat voorgeskryf word in regulasie 4(2)(a).

The abovementioned portion is an extract from the Act, but what does the Regulations prescribe?

Accreditation of hunting association or sports-shooting organisation

4. *(1) A hunting association or sports-shooting organisation that applies for accreditation must, in addition to the relevant information required by regulation 2, submit proof to the satisfaction of the Registrar that –*

(a) in respect of its registered members it provides in its founding document for a category of dedicated membership that applies for a licence as contemplated in section 16 of the Act;

(b) (i) in the case of a hunting association, the hunting association conducts a relevant training course in respect of dedicated hunters that complies with the provisions of the South African Qualifications Authority Act, 1995 (Act No. 58 of 1995) read with the Skills Development Act, 1998 (Act No. 97 of 1998) of which it shall be a prerequisite that a member of the hunting association must successfully complete before that member may be registered as a dedicated member and dedicated hunter with the hunting association

(c) it has a dedicated procedure in place to regularly evaluate its dedicated members for their –

(i) bona fides to be or remain a dedicated hunter or sports person, as the case may be; and

(ii) dedicated participation in their applicable hunting or sports-shooting activities, as the case may be;

(d) it keeps on record the particulars of the participation by a dedicated member in his or her hunting or sports-shooting activities as a dedicated hunter or dedicated sport person, as the case may be;

(e) it will in respect of a registered member only allow dedicated membership to the association or organisation as long as –

(i) the dedicated member is a person in good standing as a dedicated member with the association or organisation, as the case may be; and

(ii) in the case of a dedicated hunter that it will not register a person as a dedicated hunter with the organisation while that registered member conducts business in hunting on the strength of a dedicated hunters licence that was issued in terms of section 16 of the Act.

(f) documentary proof of membership by the hunting association or sports-shooting organisation of a national or international association or organisation which, to the satisfaction of the Registrar, has the primary bona fide object to promote responsible hunting or sports-shooting as the case may be.

(Remark: Our membership of the International Hunters Education Assosiation – IHEA – comply fully to this requirement)

The Regulations also prescribe a register of all Dedicated Members with the following specific instructions:

> ***4****(2) (a) A register contemplated in section 16(4)(a) of the Act must contain the following information -*
>
> *(i) the full names, identity number and residential address of all persons having applied for dedicated membership;*
> *(ii) the motivation for the application by the person applying for dedicated membership;*
> *(iii) whether dedicated membership was granted or refused and if refused the reason therefore; and*
> *(iv) dedicated membership number and expiry date of membership.*
> *(b) An accredited organisation or association contemplated in section 16(2) of the Act must in addition to regulation 2(12)(a) and (b) annually and before the official year end of the organisation or association, as the case may be, submit to the Registrar a written report reflecting –*
>
> *(i) the details of all dedicated members whose registered dedicated membership with such accredited organisation or association terminated; and*
> *(ii) the reasons for the termination of such dedicated membership.*

From this section it is clear that the declaration of someone as a dedicated hunter is an enormous responsibility on any accredited hunting association and will make an appeal on organisational resources. Any hunting association will have to take a strategic and sustainable view on the management of their dedicated members and the integrity of its procedures and processes. *SA Hunters have done exactly this in their approach to declaring their members dedicated hunters.*

2. SAJWV se beleid ten opsigte van toegewyde status

SAJWV het twee prosesse in plek geplaas in die toestaan van toegewyde status, naamlik vir die lede van die vereniging wat reeds bona fide status verkry het voor 1 Julie 2004 en tweedens vir die lede wat nog nooit bona fide status verkry het nie.

2.1 Proses vir 'n lid wat reeds bona fide status gehad het.

Die beleid wat SAJWV volg (Goedgekeur op die UK van 23 Oktober 2004) (hersien Maart 2006) is dat lede wat reeds bona fide status beklee het voor 1 Julie 2004 by aansoek om toegewyde status daardie status sal ontvang onder die volgende voorwaardes:

- Dat lid aansoek gedoen het om as toegewyde jagter verklaar te word (Sien aansoekvorm);
- Dat die lid 'n opbetaalde lid van die Vereniging is;
- Dat die lid 'n geldige bona fide sertifikaat het;
- Dat die lid **reeds** sy Toegewyde Jagterskursus of ekwivalent geslaag het of bewese relevante akademiese studierigting voltooi het**.(Geen aansoek sal sonder bewys van voorafgaande aanvaar of verwerk word nie , behalwe vir persone ouer as 70 jaar soos genoem.)**
- Dat, indien die lid ouer as 70 jaar is, hy/sy vrygestel word van die vereiste om die Toegewyde Jagterskursus sertifikaat in te dien.
- Dat die lid 'n fooi van R200.00 betaal het by die indiening van sy aansoek.

2.1.1 Die aansoek

Die aansoekvorm word deur die lid ingevul en deur hom/haar onderteken en dan by sy aangewese tak bestuur ingedien of indien hy nie aan 'n tak behoort by die nasionale kantoor ingedien hetsy per hand of per pos met sy betaling van R200.00.(Indien die aansoek by die tak ingedien word sal die aansoek vir volledigheid deur die aangewese tak amptenaar nagegaan word voordat dit saam met die betaling aan die nasionale kantoor gestuur sal word.Waar die lid sy aansoek by die nasionale kantoor indien sal die kantoor die volledigheid van die aansoek nagaan).Die toegewyde sertifikaat sal nou deur die nasionale kantoor uitgereik word. Die President van die Vereniging sal die

toegewyde status van alle bona fide lede beëdig.Taklidmaatskap is nie ’n voorwaarde vir die uitreiking van toegewyde status nie.

2.1.2 Die dokumentasie

Die lid moet sorg dra dat sy dokumentasie in orde is en dat alle kopieë van oorspronklike dokumente behoorlik gewaarmerk is.

2.1.3 Die uitreiking

Die uitreiking van die toegewyde sertifikaat sal binne 21 dae geprosesseer word en aan die lid besorg word per pos of via die tak.

2.2 Proses vir ‘n lid wat nooit bona fide status gehad het nie.

Die beleid wat SAJWV volg (Goedgekeur op die UK van 23 Oktober 2004)(hersien Maart 06) is dat lede wat nie oor bona fide status beskik het vóór 1 Julie 2004 nie, aansoek om toegewyde status moet doen en daardie status sal ontvang onder die volgende voorwaardes:

- Dat die lid aansoek sal doen om verklaar te word as toegewyde jagter deur ’n aansoekvorm te voltooi (sien punt 13),stawende bewyse aan te heg ,dit te onderteken en net soos hierbo by sy tak of die nasionale kantoor sal indien met sy betaling van R200.00.
- Dat die lid ‘n opbetaalde lid van SA Jagters is;
- Dat die lid reeds sy Toegewyde Jagterskursus (Beide teorie en prakties) geslaag het (Lede ouer as 70 word vrygestel van die vereiste) en of ’n ekwivalente opleiding of bewese relevante studierigting voltooi het.
- **Let daarop dat geen aansoek aanvaar sal word indien enige van voorafgenoemde vereistes nie nagekom is en waar nodig bewyse nie aangeheg is nie.**

2.2.1 Die aansoek

Die aansoekvorm word deur die lid ingevul en deur hom/haar onderteken en dan by sy aangewese tak bestuur ingedien of indien hy nie aan ’n tak behoort by die nasionale kantoor ingedien hetsy per hand of per pos met sy betaling van R200.00.(Indien die aansoek by die tak ingedien word sal die aansoek vir volledigheid deur die aangewese tak amptenaar nagegaan word voordat dit saam met die betaling aan die nasionale kantoor gestuur sal word.Waar die

lid sy aansoek by die nasionale kantoor indien sal die kantoor die volledigheid van die aansoek nagaan).Die toegewyde sertifikaat sal nou deur die nasionale kantoor uitgereik word. Die President van die Vereniging sal die toegewyde status van die lede beëdig.Taklidmaatskap is nie ’n voorwaarde vir die uitreiking van toegewyde status nie.

2.2.2 Die dokumentasie

Die lid moet sorg dra dat sy dokumentasie in orde is en dat alle kopieë van oorspronklike dokumente behoorlik gewaarmerk is.

2.2.3 Die onderhoud

Die onderhoud verval en is nie meer nodig nie.**Dit is egter baie belangrik dat die lid herinner moet word aan die verklaring en voorwaardes wat hy onderteken het in die aansoekvorm vir die voortgesette behoud van sy toegewyde status en dat die onus uitsluitlik op hom berus om dit na te kom.**

2.2.4 Die uitreiking

Die uitreiking van die toegewyde sertifikaat sal binne 21 dae geprosesseer word en aan die lid besorg per pos of via die tak.

3. Hoe doen ek aansoek?

Die proses begin by die suksesvolle aflê van die Toegewyde Jagterskursus en of ekwivalente of bewese relevante studierigting soos voorgeskryf. Daarna word die aansoekvorm voltooi en onderteken en die nodige bewysstukke aangeheg. Die aansoek met die vereiste R200.00 word nou by die tak of by die nasionale kantoor ingedien.

4. Wat kos die toekenning van toegewyde status?

Daar is ’n eenmalige koste verbonde aan die verwerwing van toegewyde status binne die SAJWV. Die koste is vasgestel op R200.00 per aansoek en het ontstaan omdat daar ’n groter administratiewe koste verbonde aan die toegewyde lede is.

(Opmerking: Die keuse wat die Vereniging in die verband gehad het was om twee soorte lidmaaskapsgelde, naamlik dié vir geleentheidsjagters en dié vir toegewyde jagters te vorder, maar daar is daarteen besluit omdat dit verwarring tot gevolg sou kon hê.)

Die eenmalige fooi van R200.00 word soos volg toegedeel:

- Takke kry R25.00 (of 15% van die fooi na belasting afgetrek is) van die fooi vir die administrasie van nuwe toegewyde lede aansoeke.
- Elke toegewyde lid kry 'n hoë gehalte sertifikaat waarop sy status aangedui word.
- Elke toegewyde lid kry 'n lapwapen om sy status aan te dui (Afrikaans of Engels).
- Die res van die fooi word aangewend vir die opgradering van die ledededatabasis om aan die wetsvereistes te voldoen en om jaarliks aan die Sentrale Vuurwapenregister verslag te doen oor die stand van die toegewyde lede binne die SAJWV.

Die bedrag is betaalbaar tydens aansoek of by die tak of in die rekening van die Vereniging soos hieronder aangedui, maar **maak seker dat jy jou lidmaatskapsnommer as verwysing gebruik tydens die deposito en die bewys by jou aansoek aanheg.**

S A Jagters- en Wildbewaringsvereniging
ABSA, Pretoria Noord Tak
Rekening no: 01443990077
Takkode: 632-005

5. Watter kwalifikasies geld vir toegewyde status?

In die Wet op Vuurwapenbeheer word dit in die vooruitsig gestel dat daar 'n kwalifikasie ontwikkel moet word wat erkenning onder die Wet op die Suid-Afrikaanse Kwalifikasie Raamwerk en Vaardigheidwet (Skills Development Act) sal geniet. Dit word so geformuleer:

> *4 (b) (i) in the case of a hunting association, the hunting association conducts a relevant training course in respect of dedicated hunters that complies with the provisions of the South African Qualifications*

Authority Act, 1995 (Act No. 58 of 1995) read with the Skills Development Act, 1998 (Act No. 97 of 1998) of which it shall be a prerequisite that a member of the hunting association must successfully complete before that member may be registered as a dedicated member and dedicated hunter with the hunting association.

Met die opstel van hierdie handleiding (Januarie 2005) wil dit voorkom asof die voorgestelde kwalifikasie nie voor die einde van 2006 en dalk op die vroeg in 2007 beskikbaar sal wees nie. Wat is dus die status quo? Die huidige situasie is dat alle jagtersverenigings wat lede is van die Jagtersforum, in oorleg met die SAPD besluit het om bekwaamheidsopleiding te kontinueer (Toegewyde Jagterskursus – Groenboek of CHASA –blouboek) tot verdere kennis.(Die nuwe leerplan is in proses en sal binnekort ingestel word). Dit is ook die Jagtersforum se siening dat die opleiding in die Vuurwapenwet 'n soort jagloopbaan (career path) in die vooruitsig stel, en dit was nooit die bedoeling van die opleiding vir toegewyde status nie. Die bedoeling was eerder om bekwame en veilige jagters op te lei wat hulle wapens op wettige en veilige wyse sal kan hanteer. Daar dien tans 'n versoek by die SAPD en die Minister van Veiligheid en Sekuriteit dat klousule 4(b) vir toegewyde jagters nie afgedwing moet word nie en dat jagtersverenings onderling met mekaar en die Sentrale Vuurwapenregister ooreen sal kom oor 'n gepasde en aanvaarbare standaard vir opleiding vir toegewyde status.

6. Takregister van Toegewyde Lede

Elke tak moet 'n elementêre register hou van die lede wat oor toegewyde status beskik wat van tyd tot tyd deur die nasionale kantoor aan takke beskikbaar gestel sal word. Die primêre rekords sal by die nasionale kantoor setel, maar dit mag gebeur dat die nasionale kantoor navrae ontvang oor toegewyde lede op takvlak en dan moet die takke oor die inligting beskik. Dit is om hierdie rede dat takke 'n persentasie van die koste van toegewyde status sal ontvang om administratiewe kostes te help dek (UK besluit op 23 Oktober 2004 was dat takke R25.00 per aansoek sal ontvang)

Voorbeeld van ‘n takregister

SAJWV Lidnommer	Hernuwingsdatum	Volle name	ID nommer/Lid no:	Vaste addres	E pos adres	Kontak tel no:	Selfoon no:

7. Wat as ek nie ’n aktiewe taklid is nie agv omstandighede buite my beheer?

Daar is verskeie lede van die Vereniging wat al jare lid van die SAJWV is, maar op Saterdae moet werk of ander professionele dienste lewer en dus nie gereeld op die skietbaan kan kom of gereeld aan taktaktiwiteite kan deelneem nie. Die Vereniging is bewus van die situasie en erken die probleem en het om die rede besluit dat ’n lid nie noodwendig aktief hoef te wees by sy of ‘n tak maar dat hy jaarliks tydens hernuwing by navraag bewys moet sal kan lewer dat hy wel in die afgelope 12 maande aktief aan jag of jagverwante aktiwiteite deelgeneem het soos vereis deur die wet en regulasies.

8. Wat is die proses as daar twyfel oor my status is?

Daar is ’n Appèlraad op die been gebring onder die leiding van ’n oud-president, Mnr Remmie Muller, wat alle probleme sal hanteer en finale uitslag aan die President sal gee. Indien ’n tak of die nasionale kantoor nie oor die toegewyde status van ’n lid ’n uitslag kan gee nie, word die saak direk na die Appèlraad verwys vir finale oorweging. (Lees ook punt 9)

9. Kan my toegewyde status beëindig word?

U toegewyde status kan beëindig word in terme van die Wet op Vuurwapenbeheer onder die volgende omstandighede:

- U hou op om lid te wees van ’n geakkrediteerde jagtersvereniging.
- U word deur u jagtersvereniging dissiplinêr aangekla en skuldig bevind.
- U begaan ’n misdryf in terme van die Wet en Ordonnansies wat verband hou met jag en natuurbewaring en u word skuldig bevind.
- U nie in ’n 12 maande periode aktief aan jag of jagverwante aktiwiteite deelneem en daarvan bewys kan lewer nie. **Die bewyslas berus by die lid self.**
- **Die lid sal per geregistreerde pos in kennis gestel word van die nie voldoening aan die nodige vereistes en 14 dae gegun word om dit reg te stel of die nodige bewyse aan die Hoofbestuurder van die vereniging te lewer waarna sy status outomaties opgeskort sal word volgens die reëls soos in punt 10 genoem.**

Opmerking: Toegewyde status gee aan u die vergunning om meer as 4 (vier) wapens te besit. Indien u byvoorbeeld 12 (twaalf) wapens besit en u verloor u toegewyde status, kan u dus vanaf 1 Julie 2009 in die onwettige besit van ten minste 8 (agt) wapens wees. **Daar berus ’n baie groot verpligting op die toegewyde lid om sy lidmaatskap van die vereniging waaraan hy behoort, te beskerm en aktief in die jag omgewing te bly.**

10. Kan ek teen die beëindiging van my toegewyde status appelleer (Appèlraad)?

Indien ’n lid van mening is dat sy toegewyde lidmaatskap op onbillike wyse van hom ontneem is deur die Vereniging, kan hy ’n appèl rig aan die Appèlraad vir Toegewyde Status (Appèlraad), deur ’n skrywe te rig in die verband aan die Hoofbestuuder van die Vereniging. Gronde vir die beëindiging van toegewyde lidmaatskap word in die wet omskryf, maar kan uit vier oorde ontstaan:

- Die lid het nie sy ledegeld betaal nie en daarom opgehou om ‘n lid van die Vereniging te wees.
- Die lid is skuldig bevind aan ’n oortreding van die dissiplinêre kode van die Vereniging.

- Die lid is skuldig bevind aan ’n misdryf wat in die Wet en Ordonnansies wat verband hou met jag en natuurbewaring omskryf word.
- Die lid nie in ’n 12 maande periode aktief aan jag of jagverwante aktiwiteite deelgeneem het nie en op navraag daarvan nie die nodige bewys kan lewer nie. **Die bewyslas berus by die lid self**

Die Appélraad kan ook genader word indien ’n lid aan ’n dissiplinêre proses onderwerp is, skuldig bevind is en sy/haar toegewyde status as gevolg daarvan van hom/haar ontneem word. So ’n lid moet binne 7 dae kennis gee aan die Hoofbestuuder van die SAJWV dat hy/sy gaan appelleer en so ’n appèl moet binne 30 dae van skuldigbevinding aan die Appélraad voorgehou word.

Terwyl die appèlproses aan die gang is, sal die lid se toegewyde status onveranderd bly bestaan. Indien die Appélraad in die lid se guns beskik, bly die lid se toegewyde status onveranderd. Sou die Appélraad die bevinding van die dissiplinêre proses ondersteun, word die lid se toegewyde status dadelik beëindig en sal die Hoofbestuurder van die Vereniging die Sentrale Vuurwapenregister binne 7 (sewe) dae na die uitslag van die Appélraad in kennis stel van die beëindiging van die bepaalde lid se toegewyde status. Die Sentrale Vuurwapenregister sal op hulle beurt die lid ook inlig dat sy toegewyde status gestaak het en ander jagverenigings waar sodanige lid moontlik ook toegewyde status mag beklee, sal ook deur die Sentrale Vuurwapenregister van die gebeure ingelig word.
Let asseblief daarop dat die lid geen eise hoegenaamd teen die vereniging of enige van sy bestuur of amptenare sal hê indien sy/haar toegewyde status aan die hand van bogenoemde opgeskort word.

11. Kan ’n professionele jagter ’n toegewyde jagter wees?

’n Professionele jagter kan inderdaad ook ’n toegewyde jagter ook wees, maar die wet verbied ’n toegewyde jagter om hom/haar as ’n professionele jagter voor te doen. **’n Toegewyde jagter mag dus nie sy toegewyde status gebruik om jag as ’n onderneming te bedryf nie(Sien ook die aansoekvorm in die verband)**

12. Kan ek meer as een toegewyde status bekom?

Daar is geen beletsel om ’n toegewyde jagter en ’n toegewyde sportman te wees, of om toegewyde status by meer as een jagtersvereniging te bekom nie. Dit sal natuurlik bepaalde koste-implikasie vir die indiwidu inhou, maar dit is belangrik om te weet dat u toegewyde status by die Sentrale Vuurwapenregister onder u identiteitsnommer geregistreer word. Sou u dus ’n misdryf begaan en skuldig bevind word, of dissiplinêr by een vereniging skuldig bevind word, sal u toegewyde status beëindig word. Die SAPD sal alle instansies waar u toegewyde status het, daarvan in kennis stel en u mag dus u toegewyde status by al die instansies verbeur in die proses.

13. Die Aansoekvorm

S A Jagters- en Wildbewaringsvereniging

Aansoek om as Toegewyde Jagter verklaar te word

Ek, die ondergetekende,	**Titel:**
Van:	
Volle Name:	
Noemnaam:	
ID Nommer:	
Woonadres:	
Posadres:	
Telefoon (bedags):	**Selfoon:**
E-pos adres:	**Faks:**
Tak-affiliasie:	
SAJWV Lidnommer:	
Bevoegdheids-sertifikaatnommer (indien reeds deur die SAPD bevoegd verklaar) :	

verklaar hiermee die volgende:

- dat my lidmaatskapfooi by die SAJWV op datum betaal is
- dat ek die Toegewyde Jagterskursus, soos deur die SAJWV aangebied, suksesvol voltooi het. (gesertifiseerde afskrif van my sertifikaat aangeheg**)**
- sertifikaat van ekwivalente kursus of bewese relevante studierigting aangeheg is indien van toepassing as ek nog nie die Toegewyde Jagterskursus voltooi het nie

- dat ek ’n geregistreerde Professionele Jagter is (gesertifiseerde afskrif van my Professionele Jagters-sertifikaat aangeheg) **[Skrap indien nie van toepassing]**
- dat ek besef ek **mag nie** besigheid met betrekking tot jag op grond van ’n toegewyde jagterslisensie kragtens artikel 16 van die wet op Beheer van Vuurwapens, 2000, bedryf nie
- dat ek aktief deelneem aan jag of jagverwante bedrywighede soos blyk uit aangehegde (minstens twee) getuigskrifte ter stawing van my jagaktiwiteite die afgelope twaalf maande
- dat die rede vir hierdie aansoek die volgende is:

_____

_____

_____

Ek verklaar verder dat ek bewus is dat dit **my eie** verantwoordelikheid is om bogenoemde in stand te hou en aktief by jag of jagverwante bedrywighede betrokke te bly en dat ek tydens hernuwing van my lidmaatskap jaarliks op aanvraag stawende bewyse van my voorafgaande 12 maande se aktiwiteite en deelname op aanvraag moet kan lewer en dat die SAJWV die SAPD in kennis MOET en SAL stel indien ek hiertoe in gebreke bly en dat ek in sodanige geval outomaties my toegewyde status sal verbeur en ek geen eis of verhaalsreg hoegenaamd ookal teen SAJWV en of sy bestuur of enige van sy amptenare sal hê nie.**Die onus berus dus uitsluitlik op myself om aan die vereistes te voldoen om my status op datum en aktief te hou soos voorgeskryf in Die Toegewyde Status handleiding van die Vereniging.**

Ek het bogenoemde gelees en verstaan die inhoud en het myself vergewis van die inhoud en vereistes van Die Toegewyde Status handleiding uitgawe no:.....

Geteken te _____op hierdie _____dag

van _____ 20____ .

_____
Handtekening van Aansoeker

_____
Getuie

Bankbesonderhede van SAJWV verskyn op bladsy 10

<u>Slegs vir Amptelike gebruik</u>:

Ontvang op: (Datum)_____

deur (Takkommiteelid):_____

Nasionale Kantoor personeel lid:_____

1. Bewys van betaling (met lidnommer as depositoverwysing).
2. Betaling aangeheg (kontant of tjek)
   (Skrap wat nie van toepassing)

_____ | 1 | 2 |

_____

<u>Slegs vir Nasionale Kantoorgebruik</u>:

Goedgekeur ☐ Afgekeur ☐

Rede vir
Afkeuring:_____

_____

Toegewyde
Jagtersertifikaatnommer:_____

Vervaldatum van Lidmaatskap:
_____

Uitgereik deur: _____

Datum:_____

Handtekening: _____

Metode van verspreiding: Per pos_____

Via die tak: _____